**Verslag oor die Leerstoel "Suid-Afrika: tale, letterkundes, kultuur en samelewing"**

**Prof. Stephanus Muller (Stellenbosch Universiteit)**
**Tydperk:** 22 September – 31 Oktober 2025

Ek het my verblyf en werk as houer van die Leerstoel "Suid-Afrika: tale, letterkundes, kultuur en samelewing" aan die Universiteit Gent tussen 22 September en 31 Oktober 2025 as uiters professioneel, goed gereël en sonder enige praktiese of administratiewe probleme ervaar. Die reëlings deur prof. Yves T'Sjoen (akademies) en me. Katrien de Clercq (administratief), sowel as die akkommodasie by Residentie Loop 5, was uitstekend. Alle logistieke en akademiese ondersteuning is met groot sorg en aandag hanteer.

**Akademiese onderrig en seminare**

Ek het vyf seminare aangebied vir die Magisterkursus "Talen en Literaturen van Zuid-Afrika", telkens op Donderdae van 16:00–18:45 in Plateau-Rozier (lokaal 2.4). Die seminare het in Afrikaans plaasgevind, en die temas het oor musikologie, literêre vorm, en kulturele herinnering in Suid-Afrika gestrek:

1. Die toonsetting van Afrikaans (Hendrik Hofmeyr se *Sinfonia Africana*)
2. Biografie en literêre vorm in *Nagmusiek*
3. Afrikaanse musiek as gedenkpraktyk (*Die Stem* en Boeremusiek)
4. Klank en fascisme: musiek en die regsradikalisme in Afrikaner-geskiedenis
5. *The Journey to the South*: akademiese vryheid van spraak

Die kursus het studente blootgestel aan interdissiplinêre temas tussen musiek, taal, en ideologie, met besondere aandag aan Afrikaanse kultuurproduksie as deel van Suid-Afrika se intellektuele geskiedenis.

Op 22 Oktober het ek 'n openbare lesing aangebied met die titel "Musiek en die verbeelding van kultuur: Afrikaanse en Suid-Afrikaanse perspektiewe." In hierdie lesing (wat later ook aanlyn aan die studente beskikbaar gemaak is op Ufora) het ek gereflekteer oor my eie werk en posisionering as akademikus in die Globale Suide, en ek het die temas en gesprekke wat in die seminare met die studente ontwikkel het, verder uitgebou. Die onthaal ná afloop van die lesing het 'n waardevolle geleentheid gebied om met kollegas en belangstellendes verder te gesels, en die aand is afgesluit met 'n voortreflike ete.

Ek het ook op 29 Oktober 'n gaslesing aangebied vir voorgraadse studente in die kursus "Inleiding tot Afrikaans: taal- en letterkunde", waar ek weer oor *Die Stem* en die kwessie van nasionale groepsidentifikasie gepraat het.

**Openbare lesing: Orde van den Prince**

Op 17 Oktober het ek op uitnodiging van die Orde van den Prince, Afdeling Gent Willem I, 'n openbare lesing gelewer getiteld "Die Afrikaanse kunslied en S. le Roux Marais (1896–1979)". Die geleentheid is georganiseer ter herdenking van honderd jaar sedert Afrikaans as amptelike taal erken is. In die lesing het ek die Afrikaanse kunslied geplaas binne die breër geskiedenis van taal, identiteit en estetika in die twintigste eeu, met spesifieke verwysing na Marais se bydrae tot die Afrikaanse liedrepertorium.

**Professionele ontmoetings en samewerking**

Tydens my verblyf het ek waardevolle ontmoetings gehad met Africa Open Instituut-affiliaat, dr. Guy Livingstone, wat tans navorsing in Gent doen, en met my PhD-student Milton van Wyk, wat in Gent woonagtig is. Ek het ook 'n ontmoeting gehad met mnr Johan Beke, die voorsitter van die Vlaams Instituut voor Zuidelijk Afrika.

**Eksterne akademiese betrokkenheid**

My tyd in Gent is kortliks onderbreek deur 'n besoek aan Queen's University Belfast vanaf 6-10 Oktober, waar ek op 9 Oktober 'n lesing aangebied het by die Centre for Creative Ethnology. Hierdie uitnodiging het voortgevloei uit my werk oor kreatiewe navorsingsmetodes, en die bydrae is goed ontvang.

**Slotopmerkings**

Die ervaring as houer van die Leerstoel was akademies ryk en organisatories vlekkeloos. Ek het baie geleer uit die gesprekke en interaksies met die studente en kollegas. Ek wil my opregte dank betuig aan prof. Yves T'Sjoen, dr. Annelies Verdoolaege en die personeel van die Gents Centrum voor het Afrikaans en de Studie van Zuid-Afrika vir hulle buitengewone gasvryheid, ondersteuning en professionele toewyding. Ek, en my lewensmaat wat my tydens my verblyf hier vergesel het, het volkome welkom gevoel. Selfs die kleinste detail, soos om my telkens na die lesinglokaal te begelei, is nie ontsien nie. Die tyd in Gent het nuwe akademiese en institusionele verbintenisse geskep, en ek sien uit na verdere samewerking met kollegas wat ek hier leer ken het.